# Minus van bedrae met R en c

Kom ons lees die volgende som:




Basil het R95,50 in sy spaarbussie. Hy koop vir hom 'n speletjie wat R52,20 kos. Hoeveel geld het Basil in sy spaar-bussie oor?

Watter soort som gaan ek doen om die antwoord te bereken?

Jy is reg – 'n minussom!

Onthou om die eerste bedrag heel te hou en die tweede getal op te breek in honderde, tiene en ene.

# Doen nou die som:




R95,50 – R52,20 = □

Stap 1: Hou die eerste getal heel en breek die tweede getal op: **R95,50 - (R50 + R2 + 20c)**

Stap 2: Rande: trek die tiene af: **R95,50 - R50 = R45,50**

Stap 3: Rande: trek die ene af: **R45,50 - R2 = R43,50**

Stap 4: Sente: trek die sente af: **R43,50 - 20c = R43,30**

Stap 5: Die laaste stap is die antwoord: R43,30

# ons oefen nog somme

R76,90 – R62,30 = □

R76,90 – (R60 + R2 + 30c)

R76,90 – R60 = R16,90

R16,90 – R2 = R14,90

R14,90 – 30c = R14,60



R153,60 – R121,60 = □

R153,60 – (R100 + R20 + R 1 + 60c)

R153,60 – R100 = R53,60

R53,60 - R20 = R33,60

R33,60 - R1 = R32,60

R32,60 - 60c = R32,00

